Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Ps 48 en 49

Teks: Ps 48:15; 49:16

H.K.: Sondag 22 (Reeks 12 art nr 19 Son 22)

Datum: 11 Oktober 2009

Psalms: 48:1,5; 49:1; 49:2,3; 49:5,6; 73:10,11

1. Inleiding.

In Genesis 3 word vertel hoe die grootste hartseer denkbaar oor ons gekom het: **die dood**. Toe Adam en Eva in sonde geval het, het die straf van God in vervulling gegaan: "...die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik **sterwe**". Sedert die sondeval lui die doodsklokke onophoudelik in Genesis: Soos 'n droewige refrein weerklink dit telkens weer: "En hy het gesterwe...en hy het gesterwe". En die boek Genesis wat so mooi begin het met die verhaal van die LEWE in God se paradys, eindig met 'n DOODskis.

Maar daar hou dit nie op nie. **Ook in ons lewe weergalm die doodsklokke**. Die dood is 'n hartseer werklikheid waarmee almal van ons een of ander tyd te make kry: dierbares sterf en uiteindelik eis die dood ons self ook op. Dit is die harde realiteit van ons aardse bestaan.

En nie alleen het ons in die paradys die liggaamlik dood oor ons gehaal nie. Ons het **ook die ewige lewe**, die lewe in God se salige teenwoordigheid, verloor. In die plek daarvan het die ewige dood, die lewe afgesny van God, gekom.

En ***tog***, tog is die dood nie die enigste werklikheid nie. Teenoor die hartseer feit van die dood stel die Heidelbergse Kategismus in Sondag 22 aan ons die heerlike werklikheid van ons **lewe in Christus**. Hy staan in hierdie Sondagsafdeling in die middelpunt. **Hý is ons enigste troos** in lewe **én in sterwe.** Christus is die Lewensvors wat aan ons die verlore paradyslewe aan ons teruggee. WANT:

1. Christus neem my **siel** tot Hom;

2. Hy sal ook my **liggaam** eendag verheerlik; en

3. Hy skenk aan my die **ewige lewe**.

2.1. Christus neem my **siel** tot Hom.

Dit is opvallend dat juis aan hierdie ***artikels oor die opstanding van die vlees en die ewige lewe*** voorafgaan die artikel: Ek glo in die vergewing van sondes. Die vergewing van sondes het ALLES te make met die LEWE wat ons terugontvang. Ons sondes het die dood oor ons gebring. Ons skuld het ons uitgesluit uit die hemelse paradys. Maar die blye boodskap is: Om Christus wil is ons sondes vergewe. En vandag mag ons sien wat die vrug is van daardie vergewing: die ***dood van Jesus*** skenk aan ***ons die lewe***!

Sondag 22 vertel ons nou nader ***hoé*** ons lewe weer terug ontvang. Die leermeester van Heidelberg begin deur te sê: Die dag as ek as gelowige sterf, word my siel **dadelik** tot Christus, my Hoof, **opgeneem**. Op daardie oomblik wanneer ek my oë in hierdie aardse doodsdal sluit, op daardie selfde moment **neem God my op** en open ek my oë in God se heerlike paradys.

Die hele Skrif getuig daarvan. Ook die Ou Testament en dan dink ek onder andere aan **Psalm 48 en 49**:

Psalm 48 is ’n lofsang op die grootheid van God. Dit begin in die Hebreeus in vers 2 met die woord ***groot***: ***Groot*** is die HERE. Van hierdie grootheid het die Psalmdigter en sy tydgenote nie net ***gehoor*** deur die verlossingsgeskiedenis wat die Skrif aan hulle verkondig en waarvan hulle ouers aan hulle by huisgodsdiens aan hulle vertel het nie. Hulle het nie net gehoor van God se grootheid nie, maar hulle het dit ook ***gesien*** in die wonderlike verlossing waarvan Psalm 48 vers 5 tot 9 vertel. En dan eindig die Psalm in vers 15 met die woorde: Hierdie God - hierdie God wat so groot is - Hy is onse God vir ewig en altyd; Hý sal ons lei tot die dood toe.

Ek vestig u aandag veral op die woorde ***Hý sal ons lei tot die dood toe***. Ons kry hier die beeld van ’n herder: Hý sal ons lei soos ‘n herder tot die dood toe. En eintlik staan daar letterlik: ***bo-oor die dood heen***. Wonderlik hoe die ***Hý*** met nadruk (met ‘n aksent) daar staan in die Ou Vertaling: ***Hý***! Dit wil sê: Hý, hierdie groot God, Hý sal ons lei dwarsdeur hierdie lewe en dwarsdeur die doods-Jordaan heen tot in sy ewige arms.

By hierdie slotwoorde van Psalm 48 sluit Psalm 49 aan (daarin kan u ook die eenheid van die Psalms sien):

- In Psalm 49:15 word van **die goddelose** gesê:

"Soos skape word hulle bestem vir die doderyk; die dood is hulle herder".

Ook hier in Psalm 49 – net soos in Psalm 48 - kry ons dus die beeld van 'n herder. Terwyl Psalm 48:15 egter sê dat onse ***God*** ons herder is, sê Psalm 49: ***die dood*** is die herder van die goddelose.

- En kyk nou wat Psalm 49:16 van die **gelowige** sê:

"Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem." Dit is Psalm 48:15 - Hý sal ons lei bo-oor die dood heen - in 'n net 'n bietjie ander bewoording.

Hy sal my **opneem**. Dit hoor ons ook in Psalm 73, waar (netsoos in Psalm 49) die uiteinde van die goddelose in skerp kontras tot die uiteinde van die gelowige gestel word: "U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem". (v 24)

Hy sal my **opneem**. Die opneem hoor ons terug in ons Kategismus.

Ek kom terug by dit wat ek aan die begin gesê het oor die verband tussen die artikel oor die opstanding van die vlees en die vergifnis van sondes. Die terugontvang van die lewe het alles te make met die vergifnis van ons sondes. Deur die bloed, deur die dood van Christus, ontvang ons die lewe. Ons ontvang die lewe teen die duur prys van Christus se bloed. Ook in Psalm 49 word op 'n prys gesinspeel: ***Maar God sal my siel loskoop uit die hand, uit die mag van die doderyk***. Hierdie woord loskoop is 'n handelsterm: dit gaan oor los-***koop***, loskoop teen 'n prys. Die prys is die skuldbetalende, vergifnis-bringende bloed van die Seun.

Die losprys was u bloed, wat u vir ons gestort het.

Die digter van Psalm 48 het die grootheid van God gesien in die oorwinning van die konings wat teen Jerusalem opgeruk het. Ons het nog meer gesien. In die evangelie ***hoor*** ons van en ***sien*** ons die skuldbetalende werk van die Seun. In die Nuwe Testament hoor ons van die goeie Herder wat sy lewe afgelê het vir sy skape. Die dood is oorwin. DAAROM sal én kan die goeie Herder ons lei dwarsdeur die dood heen.

Op grond van sy skuldbetalende offer mag ons saam met Paulus, in die woorde van Romeine 8, sê: "Want ek is versekerd dat geen dood … of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." (vv 38-39).

Ons kom by die tweede:

2.2. Christus sal ook ons **liggaam** verheerlik.

Ons Lewensvors, Jesus, verlos nie net ons siele nie. ***Óók ons liggame*** is vir Hom belangrik. As Hy weer kom op die wolke van die hemel, sal Hy ***álles nuut maak***, ook my afgetakelde en vergane liggaam.

Dit leer die Heilige Skrif ons op verskeie plekke. Want in 1 Tess. 4:16-17 het Paulus dit oor die wederkoms en dan vertel hy: Die basuin sal weerklink "en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.". Oral oor die hele wêreld sal die grafte oopgaan. En die liggame van die ontslape heiliges sal opstaan.

Dan sal ons 'n verheerlikte liggaam ontvang. Op verskeie plekke praat Paulus van dié liggaam. So sê hy in Fil.3:20 dat ons as Verlosser verwag die Here Jesus Christus "wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam".

Ons huidige liggaam dra die littekens van die sondeval: siekte, gebreke, swakheid, ens. Van die oomblik van ons geboorte af is daar ontbindende kragte, die kragte van die dood, in ons aan die werk. Daarom sê ons doopsformulier dat hierdie lewe tog niks anders as 'n geleidelike sterwe is nie.

En tog sal die dood nie vir altyd oor ons sterflike liggame heers nie. Want Jesus het die dood oorwin. Sy liggaam, 'n liggaam wat, net soos ons s'n, aan die verganklikheid en die dood onderworpe was, - sy liggaam het opgestaan uit die graf. Hy het die dood onttroon en eenmaal sal Hy ons ook laat deel in hierdie triomf.

Die laaste waarby ons kom, is:

2.3. Christus gee die **ewige lewe**.

Met die vorige vraag oor die opstanding van die liggaam, het ons belydenis ons 'n kykie gegee agter die skerms van die dood. Wat egter by v/a 58, die artikel oor die ewige lewe, opval, is dat die Heidelberger nou ***nie net*** praat ***oor wat anderkant die doods-Jordaan gebeur nie***. Sy blik gaan dus na die ander kant, sowel as na hierdie sy van die graf. Hy het dit nie net oor die ***lewe na die dood*** nie, maar ook oor die ***lewe voor die dood***, want daar begin die ewige lewe alreeds: vóór die dood!

JA, die ewige lewe is nie iets wat eers ná die dood begin nie. Nou alreeds, sê ons belydenis, ervaar ons die **begin** van die ewige vreugde in ons hart. Reeds hier, hier waar ons ons bevind in die doodsdal diep en donker, reeds hier, hier waar ons tans verkeer in die tranedal van ontbinding, verganklikheid en dood, ja, reeds hier gaan die lig van die lewe op. Midde-in die dood het die son van geregtigheid opgegaan.

Dit is 'n deur en deur Bybelse gedagte. Want Johannes verklaar in sy eerste sendbrief: "Dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee **het**, en dié lewe **is** in sy Seun. Hy wat die Seun het, **het** die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie (1 Jh.5:11,12)". As u goed geluister het, sou u gehoor het: Ek benadruk die "ons HET dit". Dit is teenwoordige tyd. Ons het dit nou alreeds. Die ewige lewe is nie net toekomsmusiek nie, maar 'n triomflied van die hede. Nou reeds breek die ewigheid deur.

Wel is dit so dat ons nou nog maar net die begin ervaar. Ons kry in die hede nog maar net 'n voorsmaak, die **volkomenheid** moet nog kom. Die voorpunt het al gedaag, maar die volheid moet nog kom.

Maar wat is hierdie **ewige lewe**? Om dit te verstaan, moet ons teruggaan na die paradys. Want dit wat Adam en Eva daar, voor die sondeval, geniet het, **dít** was die ewige lewe. Hulle het naamlik God se voortdurende nabyheid geniet. Elke dag het sy vaderlike sorg na hulle toe uitgegaan. Die paradys was een luid opklinkende lied van die liefde van God. Die band tussen hulle en God was nog heel. Hulle kon na God toe gaan en God het met hulle gewandel. Dit is ewige lewe. Dit is hemel op aarde.

Ewige lewe is dus nie maar net om vir altyd te lewe nie. Die duiwels en die goddelose in die hel sal ook eenmaal vir altyd lewe in daardie sin van die woord. Nee, ewige lewe is om elke dag en vir altyd te mag lewe in die salige teenwoordigheid van God.

En ***dít*** mag ons inderdaad nou al begin ervaar. As ons glo in Jesus Christus, dan is die lewensband met God herstel. Dan leef ons onder 'n geopende hemel. Dan lewe ons in die lig van sy vriendelike aangesig. Ja, ***dit*** is lewe: om weer deur die gebed tot God te mag gaan. ***Dit*** is lewe: dat God met ons is, dat Hy met ons bemoeienis maak, dat sy genadige liefde na ons toe uitgaan. ***Dit*** is lewe in die ware en in die egte en in die volle en in die rykste sin van die Woord!

Ag, nou is dié ewigheidslewe nog so onvolmaak. Dikwels bedroef ons God en dan verberg Hy tydelik sy aangesig vir ons. En wat is dit anders as, ja as die dood? Ja, en by tye bid ons so min en wandel ons nie voortdurend met God nie. En wat is dit anders as dat ons dan leef, nie soos mense wat die ewige lewe het nie, maar soos dooies?

Maar wanneer die Here kom, wanneer ons volkome gereinig is van alle oorblywende sondes, dan sal die ewige lewe in al sy glorie en in sy volle heerlikheid Dan sal ons die grootheid van God se liefde verstaan en sien en waardeer.

Die Kategismus sê ten slotte wat die **doel** van die saligheid sal wees, naamlik "om God daarin ewig te prys". Vir baie mense draai die hemel net om hulleself, om die eie ek: dan sal ek nie meer siek wees nie, dan sal ek weer my dierbares sien, dan sal ek so sielsgelukkig wees. Maar nee, die Heidelberg plaas God in die sentrum van die ewigheid. ***Dit*** is ewige lewe: om Hom te loof en te prys. Daarmee is die Kategismus terug by sy vraag en antwoord 6: Ons is geskape na die beeld van God sodat saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.

Loof – om God te loof en te prys - , dit is ewige lewe.

3. Slot.

Ons Here Jesus skenk aan ons die lewe na liggaam en na siel, vir tyd en vir ewigheid. Wie Hom het, het die paradys. Wie in Hom glo, leef en wie leef loof ... loof God vir sy genade.

AMEN.